

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
DEPARTEMENT MEGANIESE EN LUGVAARTKUNDIGE INGENIEURSWESE
REËLS EN REGULASIES VIR DIE GEBRUIK VAN
MEGANIESE WERKSPLASE, LABORATORIA EN SASOL LABORATORIUM

ALGEMEEN

1. Aangesien daar net sekere amptelike skripsie dae is bv Woensdae vir die Departement Meganiese en Lugvaartkundige Ingenieurswese en Dinsdae vir Bedryfs Ingenieurswese, moet alle werk wat buite hierdie tye gedoen geskeduleer word by die betrokke instrukteur in beheer van 'n bepaalde werkswinkel. s. Die onderskeie instrukteurs en hulle verantwoordelike areas is as volg:

Mnr Jan Brand: Totaal verantwoordelik vir skedulering van aktiwiteite in Meganiese werksplase en laboratoria

Mnr Willem Ras: Termovloei en enjin laboratorium

Mnr At du Preez: Meganiese werksplaas

Mnr Frans Windell: SASOL laboratorium

Mnr Willie Vos: Lugdinamika en Verbrandingslaboratoria

2. **Geen werk** mag na-ure en oor naweke sonder professionele toesig en die nodige reëlins en goedkeuring gedoen word nie. Hierdie goedkeuring sal egter by hoë uitsondering toegestaan word.
3. Die werksplase en laboratoriums is oor etenstye gesluit: 13:00 - 13:45
4. Persone wat gereedskap of meet toerusting uit die magasyn trek word daarop gewys dat u aanspreeklik bly vir die toerusting totdat dit weer terugbesorg is.
5. Slegs studente met bona fide UP werk (Skripsie, praktika of ontwerp opdragte) sal toegelaat word om in die werksplaas of laboratoria te werk. Geen privaat werk deur studente word toegelaat nie.
6. Alle onderdele wat deur instrukteurs vervaardig moet word sal slegs in aanmerking kom vir vervaardiging mits daar 'n ordentlike tekening bestaan en

mits die materiaal voorsien is.

7. Alle spesialis vervaardiging wat deur die instruktors behartig moet word, moet met Mnr Brand gereël word wat die take sal skeduleer. U moet egter besef dat die student wat eerste kom eerste gehelp gaan word.
8. Enige spesialis toetse in die SASOL laboratorium moet met Mnr Windell gekoördineer word.
9. U eie skedulering moet van so aard wees dat u poog om heelwat vervaardiging alreeds in die eerste semester te doen aangesien daar beperkte hulpbronne beskikbaar is. **Laat genoeg tyd in u beplanning vir vervaardiging**

GEREEDSKAPKASTE

1. Die skripsie student moet asseblief vooraf bepaal of hy/sy 'n gereedskap gaan benodig voordat daar kaste getrek word. Daar is net 50 kaste beskikbaar. Kaste sal slegs uitgereik word nadat die verlangde deposito betaal is.
2. Geen kaste mag onderling uitgeruil word sonder die nodige toestemming van Mnr Brand nie. Indien daar gereedskap weg is sal die student aan wie die kas uitgereik is daarvoor verantwoordelik gehou word.
3. Die sperdatums vir die uitreik en terugbesorging van die kaste moet asseblief streng nagekom word. Hou asseblief die webbladsy by www.me.up.ac.za/noticeboard dop vir die nodige reëlins. Indien u gereedskapkas nie **volledig** terug besorg is nie sal u graad teruggehou word totdat u aan die reël voldoen.
4. Skripsie studente wat nie gereedskapkaste getrek het nie sal toegang tot die gereedskap in die stoor geweier word.

ALGEMENE VEILIGHEID REGULASIES

Indien enige van ondergenoemde reëls verbreek word sal u onmiddelik gevra word om die werkswinkel of laboratoria te verlaat aangesien u gevaar inhou vir uself en u kollegas. Afhangende van die aard van die oortreding sal U voorreg om die fasiliteite te mag gebruik in herooring geneem word.

1. Die gebruiksregister moet by u aankoms en vertrek deur beide uself en die

29 Nov 2005D:\meg-web-new\noticeboard\documents\veiligheid.doc

instrukteur op diens geteken word. Hierdie maatreël is nodig om te verseker dat die instrukteurs te alle tye bewus is van wie is werksaam in die werksplaas of laboratoria.

2. **Alle maatreëls** soos deur die wet op masjinerie en beroepsveiligheid (Wet 85 van 1993) is van toepassing op die werksplaas en laboratoria en sal streng toegepas word deur die toesighouers. 'n Opsomming van die wet is vir u gerief aangebring by die ingange na die werksplase en laboratoria.
3. Oogbeskerming moet te alle tye gedra word as daar op masjiene gewerk word. **U is verantwoordelik vir u eie persoonlike veiligheidstoerusting**
4. Beskermende klere (oorpak of oorjas) met **veiligheidskoene** moet te alle tye in die werksplaas en laboratoria gedra word. **GEEN PERSONE SONDER DIE TOERUSTING SAL TOEGELAAT WORD OM IN DIE WERKSPLASE OF LABORATORIA TE WERK NIE.**
5. Persone met lang hare moet sorg dat haarnette gedra word of dat die hare veilig vasgemaak is.
6. Alle gevaarlike toerusting wat uitgesluit is se sleutels is beskikbaar by die instrukteur, waar u sal teken dat u die gebruik daarvan verstaan.
7. Geen snygereedskap mag onder enige omstandighede deur studente geslyp word nie. Alle slypwerk sal deur die instrukteur in beheer behartig word.
8. Dit word van die student verwag om die area waar hulle werk skoon en netjies te hou. Geen kos of koeldranke sal in werkswinkels toegelaat word nie.
9. Die sweisarea word gesluit as dit nie in gebruik is nie. Die sleutel is beskikbaar by Mnr'e du Preez of Ras nadat die register geteken is.. Maak asseblief seker dat u weet hoe werk die toerusting veral die gassny toerusting. Geen apparaat mag hier verwyder word nie en geen sweiswerk buite hierdie area sal toegelaat word nie.
10. Geen nie yster bevattende materiale mag op die bankslypmasjiene geslyp word nie.
11. Maak seker dat u bewus is van die ontsnaproete in die geval van nood.
12. Alle masjiene, praktika of enige opstelling moet te alle tye as lewendig beskou word.
13. Onthou asseblief te alle tye u werk met gevaarlike toerusting wat nie respek

het vir vingers en oë nie.

14. Hou te alle tye u vingers uit bewegende masjiene, praktika of toetsopstellings uit.
15. Maak seker dat u weet om hoe om die toerusting waarop u werk te beveilig in geval van nood.
16. **INDIEN U NIE WEET NIE VRA - DIT IS NIE 'N SKANDE NIE**

Daar word van u verwag om hierdie dokument te lees en te onderteken voordat u enige werksaamhede in die werksplaas of laboratoria onderneem.

Student: _____ Studente nr: _____

Handtekening: _____

Namens Departement: _____

Datum: _____